

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

Tema: "Om deur 'n ander mens verras te wees"

### Skriflesing: Lukas 19:1-10 (1953)

<sup>1</sup> EN Hy het in Jérigo gekom en daar deurgegaan.

<sup>2</sup> En daar was 'n man met die naam van Saggéüs, 'n hoof van die tollenaars en 'n ryk man.

<sup>3</sup> En hy het probeer om Jesus te sien, wie Hy was; maar vanweë die skare kon hy nie, omdat hy klein van persoon was.

<sup>4</sup> En hy het vooruit gehardloop en in 'n wildeveeboom geklim, sodat hy Hom kon sien, want Hy sou daarlangs verbygaan.

<sup>5</sup> En toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sien hom en sê vir hom: Saggéüs, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis bly.

<sup>6</sup> Hy maak toe gou en klim af en het Hom met blydschap ontvang.

<sup>7</sup> En toe almal dit sien, het hulle gemurmureer en gesê: Hy het by 'n sondige man tuisgegaan.

<sup>8</sup> Maar Saggéüs het gaan staan en aan die Here gesê: Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.

<sup>9</sup> Toe sê Jesus aan hom: Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook 'n seun van Abraham is.

<sup>10</sup> Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.

### Broodjies vir die Pad

#### Kraaie

*Carina van der Walt*

Kraaie in die Brabantse stede is 'n alledaagse verskynsel. Al is hulle teenwoordigheid eintlik nooit gerusstellend nie, inspireer hulle kunstenaars en digters. Die bekendste voorbeeld hiervan is waarskynlik Van Gogh se *Koringveld met kraaie* (Julie, 1890). Die skildery is op die Franse platteland geskilder. Hy het van Brabant tot Provence rondgeswerf.

Kraaie plus stad of landskap bring my uit by Solet Scheeres, wat onlangs die Plekgedig-kompetisie hier op *versindaba* gewen met die gedig *Om af te tree op Bela-Bela*. Sy is 'n kortverhaal- en jeugboekskrywer, maar verlede jaar Septembermaand het sy die gedig *'n Kraai bly maar altyd swart* vir my gestuur. Scheeres het hierdie gedig geskryf na aanleiding van *Torenkraai*, 'n beeldhouwerk van die kunstenaar en digter Sjon Brands, uit Tilburg.

#### 'n Kraai bly maar altyd swart

*Met apologie aan Ted Hughes*

*Kraaie skrop in torings nes*

*pik oë uit*

*steel blink goed*

*trompetteer lelike woorde*

*wapper hulle swartvlag-velke*

*en kondig die einde aan.*

*Ek wonder hoe lank nog*

*en soek hoog bokant Brabant se kerke*

*na die lawaai*

*van 'n verdwaalde kraai.*

*Maar die lug is leeg en blou.*

*Ek probeer dankbaar die oomblik*

*vashou.*

*Dan verskyn daar op die horison 'n*

*swart spikkel,*

*'n klein wapperende vlag.*

*Die dooies draai in hulle grafte om*

*en ek timmer, om God's wil*

*vir my nog 'n dag.*

Scheeres verwoord in bogenoemde gedig die Christelike perspektief dat 'n kraai op aas afkom, oë uitpik en 'n simbool van sonde is. Die kraai se kras geroep word in Latyn uitgedruk as "eras, eras". Dit beteken more-more en verwys na die kraai wat Noag eerste na die sondvloed uitgestuur het. Hy het nooit teruggekom nie. Op so 'n manier word hy in die Christelike wêreld 'n simbool van die slaaf van wêreldse luste, wat sy eie bekering bly uitstel. In die slot van hierdie gedig is die dooies geskok (Scheeres se Afrikaanse voorvaders?), terwyl sy na haarself toe skryf en elke dag in die Brabantse landskap aan haar eie doodskis timmer.

Vir baie lank het kunshistorici gedink *Koringveld met kraaie* is Van Gogh se laaste skildery, miskien deur die oorweldigende simboliek daarvan. Sirkelende kraaie (einlik is dit rawe in die noordelike halfmond) is 'n voorbode van rusie en oorlog. Swart simboliseer dood. Die geel koringveld daaronder herinner mens aan die simboliese aankondigings van dood in die Bybel as oestyd, want die oes is ryp.

Van Gogh het olie verf gebruik as medium vir *Koringveld met kraaie*. Tog het hy ook houtskool as medium in die beginjare van sy loopbaan gebruik. Hierdie skildery is baie duidelik 'n landskap, maar Van Gogh het ook ander genres soos portrette (dink aan sy selfportrette) en stillewes (byvoorbeeld sonnebomme) geskilder. Beide medium en genre staan in diens van die uiteindelijke skildery, in hierdie geval dan *Koringveld met kraaie*.

Op dieselfde manier werk 'n literêre produk. Die skrywer kies sy medium, byvoorbeeld Afrikaans of Engels of

Nederlands. In vandag se geglobaliseerde wêreld is dit 'n mite dat 'n skrywer net in sy moedertaal kan skryf. Intendeel! Hoe meertaliger 'n skrywer is, hoe groter is die kans dat hy van medium kan verwissel. Maar die skrywer kies nie net sy medium nie, hy kies ook sy genre. Die drie omvattende literêre genres epiek, liriek en dramatiek word deur die skrywer verder uitgewerk in byvoorbeeld 'n kort-, kinder- of jeugverhaal binne die epiek. Of die keuse vir 'n plekgedig, beeldgedig of 'n simboliese gedig binne die liriek.

Dit moet vandag se lesers dus nie verras dat 'n skrywer van medium of genre kan wissel nie. En tog gebeur dit. Die mens is van nature geneig om te kategoriseer; om etikette op skrywers se oeuvres te plak. Dit is die verrassende van Scheeres. Al vertel die twee prosa-agtige titels van haar gedigte iets van haar agtergrond as verhaalskrywer, maak sy duidelik 'n stap na die poësie toe: onlangs met 'n plekgedig en eerder met 'n simboliese gekleurde gedig.

Behalwe vir *Torenkraai* is Scheeres ook geïnspireer deur die gedig *Crow Blacker than Ever* van Ted Hughes, die Poet Laureate van Engeland uit 1984. Dit is die Christelike simboliek van die swart kraai wat hulle in gedigte ooreenstem. In Hughes se gedig is daar 'n konfrontasie tussen God, mens en vrou – met die kraai as bindende skarnier, 'n gruwel sonder enige verlossing. Scheeres en Huges se gedigte verskil egter met betrekking tot perspektief. Hughes skryf weg van homself af tot in 'n breër, hemelse sfeer, maar daar is ook 'n paradoksale oomblik van identifikasie met die kraai en dus die dood.

<http://versindaba.co.za/2013/10/30/carina-van-der-walt-kraai>

## Brood vir die Pad

### Is die duiwel nou weer los?

*Christina Landman*

Dis 'n lekker en interessante tyd waarin ons leef. Die NG Kerk se algemene sinode het pas weer die bestaan van die duiwel en demone erken. En net toe vra minister Angie Motshekga dat ons moet bid dat die bestaande bose geeste nie die matrieks se aandag sal aflei nie.

Dis dié dat ek toe ook begin wonder: Die regering glo in die bose geeste en die kerk in die duiwel en demone, maar hoe voel gewone mense op straat daaroor?

Ek vra toe sommer iemand wat ek raakloop of hy in die duiwel glo. Hy sê ek moet die duiwel maar self vra, want dié praat mos self in die Bybel, daar by Job. Die duiwel het al toentertyd self vertel hoe hy die mense loop en onderkry, en niemand is sterk genoeg om hom te uitoorlê nie. En, sê die man, dis veral wanneer jy op jou swakste is, soos wanneer jy aan kanker ly, dat die duiwel jou kom vertel hy is sterker as God.

Ek vra toe sommer ook aan vyf gay mans of hulle aan die duiwel glo. Want kyk, hulle is mos die ouens uit wie party kerke die duiwel wil dryf. Hul antwoord is belangrik. Hulle sê die bose is daar buite. Dis in opvattinge en in persepsies en in strukture wat mense soos hulle uitsluit en hul spiritualiteit verdag maak.

En dis wat belangrik is. Die vraag is nie net of die bose persoonlik of nie-persoonlik is nie. Wat belangrik is om te

vra, is of die bose binne-in jou is en of dit iets daar buite is, iets of iemand wat 'n aanval op jou uitvoer.

Ons Westerlinge is nogals geneig om te glo die duiwel is binne-in jou. Ons het dit geleer by Augustinus, wat gesê het ons word met die bose gebore, dit is, in sonde ontvang en gebore.

En toe het die liberale onder ons later so moeg geword om te hoor ons is van nature boos dat hulle die bose sommer uitgeskop het. Dié bestaan nie meer vir hulle nie.

Dan is dit goed dat Angie ons weer herinner aan wat ons Afrika-broers en -susters glo. Bese geeste bestaan. Daar buite. Buite ons. Hulle pla ons en laat ons verkeerde besluite neem, soos om ons af te vee aan die eksamen.

Het ek nou my laaste varkies verloor? Ek moet eerlik sê dat ek my ervaring van die bese opgedoen het deur met – wit en swart – mense te werk wat siek geword het van skuldgevoelens, verwyte en vra hoekom God toegelaat het dat hulle aftjop en allerhande dinge waarby die duiwel en bese geeste betrek is.

En ek kan ook eerlik sê dat mense wat geglo het die duiwel is daar buite – en nie in hulle nie – die gouste gesond geword het.

Sien, 'n mens word gesond wanneer jy kan opstaan teen die duiwel, teen die bese in watter vorm jy hom ook al beleef. As hy binne-in jou is, is jy magteloos. Maar as jy hom kan eksternaliseer, kan jy sterk word en sterk gemaak word om hom te uitoorlê.

My baas kom sowaar hier in en sê: My wêreld, dis tog boonop so 'n Bybelse idee om te glo dat die duiwel buite jou is en dat jy teen hom kan opstaan. God is aan die woord in Genesis 4:7 en gee Kain raad: Die duiwel wag vir jou daar buite! Hy wil mag oor jou kry! “Maar jy moet oor hom heers.” Goeie raad. Mense word bemagtig om teen die bese op te staan.

Dit is goed vir ons om aan die bese te glo en dat dit buite ons bestaan – persoonlik of nie-persoonlik, soos die sinode dit sê. Want as die negatiewe nie daar is nie, hoe sal ons onself dan kan korrigeer? Hoe sal ons weet om as mense te bestaan as ons nie die gesig van die onvolmaakte en die afleibare sien nie? Hoe sal ons gesonde besluite kan neem as ons nie leer om die bese in die banale, die alledaagse en die gewone te sien nie?

Miskien sê jy: “Ek glo nie aan die duiwel nie.” Sê net daarby: “. . . maar lank lewe die idee van die bese!”

Dis C.S. Lewis wat gesê het: “Die grootste streep wat die bese jou kan trek, is dat jy sal glo dat hy nie bestaan nie.”

<http://www.beeld.com/opinie/2013-10-22-rubriek-is-die-duiwel-nou-weer-los>

## Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

[wynandnel@iafrica.com](mailto:wynandnel@iafrica.com) 082 901 5877